# VELDBRANDE



AfriForum

# Wees gereed vir veldbrande

Veldbrande, ook bekend as bosbrande, is 'n algemene verskynsel in Suid-Afrika, veral gedurende die droë seisoen, wat gewoonlik van Mei tot Oktober in die noordelike dele van die land is en van November tot April in die suidelike dele van die land. Hierdie brande kan op natuurlike wyse ontstaan as gevolg van weerlig, maar dit word dikwels veroorsaak deur menslike bedrywighede soos ongeoorloofde brande, kampvure sonder toesig, sigaret-stompies wat weggegooi word, sweiswerk of slypwerk of kwaadwillige beskadiging van eiendom en om misdadige redes.

Veldbrande kan 'n beduidende uitwerking op die omgewing hê, insluitende habitatverlies vir natuurlewe, erosie en grondagteruitgang. Dit hou ook 'n aansienlike risiko vir mense-lewens en eiendom in, veral in gebiede waar huise en gemeenskappe naby natuurlike plantegroei geleë is.

Veldbrande bly 'n groot uitdaging vir Suid-Afrika, veral in die lig van veranderende weerpa-trone en toenemende ontwikkeling in gebiede waar veldbrande dikwels voorkom. Waak-saamheid, paraatheid en verantwoordelike gedrag is noodsaaklik ten einde die uitwerking van veldbrande op sowel die omgewing as menslike gemeenskappe te versag.

Veldbrande kan enige tyd op enige plek ontstaan. Onthou, veldbrande is gevaarlik en onvoorspelbaar. Tref altyd die nodige voorsorgmaatreëls om jouself en jou eiendom te beskerm.



## Tref nóú voorsorg

Skakel in by jou gemeenskap se waarskuwingstelsel of jou plaaslike brandbeskermingsvereniging.

**Ken jou gemeenskap se ontruimingsroetes** en kry verskeie maniere om die gebied te verlaat. Ry die ontruimingsroetes en let op die ligging van skuilings. Maak 'n plan vir troeteldiere en lewende hawe.

**Gaar noodvoorrade op, insluitende N95-asemhalingsmaskers** wat deeltjies uitfiltreer uit die lug wat jy inasem. Hou elke persoon se bepaalde behoeftes in gedagte, insluitende medikasie. Onthou ook troeteldiere se behoeftes.

**Hou belangrike dokumente** in 'n brandvaste kluis. Maak wagwoordbeskermde digitale afskrifte.

**Gebruik brandbestande materiaal** vir bouwerk, opknappingswerk of herstelwerk.

**Kry 'n buitenshuise waterbron met 'n tuinslang** wat elke deel van jou eiendom kan bereik.

**Maak 'n brandbestande strook** sonder blare, puin of vlambare materiaal ten minste 10 meter rondom jou huis.

**Maak brandstroke op die grens van jou eiendom.** Die brandstrook moet vry van brandbare materiaal wees. Jou plaaslike brandbeskermingsvereniging en jou munisipaliteit se verordeninge sal die omvang van die brandstrook aandui. Dit is in ooreenstemming met Wet 101 van 1998, die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande.

**Hou jou eiendom in stand:** Hou jou eiendom in 'n goeie toestand deur bome en struike te snoei, dooie blare en puin te verwyder en seker te maak jou geute is skoon.

**'n Reserwewatervoorraad is nodig,** veral gedurende beurtkrag. Water uit 'n rivier kan gebruik word om 'n veldbrand naby jou huis te blus, of die rivier kan 'n volmaakpunt wees.

**Maak seker dat jou versekering in orde is.**

**Toerusting en personeel vir brandbestryding:** Hou jou brandbestrydingstoerusting gereed, byvoorbeeld rugsakke, brandslaners, bakkies vir brandbestryding, ens.

**Grasdak:** Hou bome en blare gesnoei en hou alles skoon op en rondom 'n grasdak.

**Brandgevaarindeks:** Let op die BGI vir die dag, die brandgedrag en die maatreëls wat getref moet word om veldbrande te bestry.

**Persoonlike beskermingstoerusting:** Hou jou PBT gereed vir ingeval jy moet help om die veldbrand te bestry.

## Oorlewing TYDENS

**Jou veiligheid eerste.** Onthou, veiligheid is altyd die topprioriteit tydens 'n veldbrand. Bly kalm en tref gepaste voorsorgmaatreëls.

**Elke eienaar moet 'n redelike poging aanwend** om te probeer voorkom dat die brand na die bure versprei.

**Meld die veldbrand so gou moontlik aan** by die nooddienste, brandbeskermingsvereniging en bure.

**Kommunikasie:** Wees altyd bewus van wat die brand doen. Dit kan gedoen word deur middel van jou plaaslike tweerigting-radiostelsel of ander sosialemediagroepe.

**Diere:** Maak seker dat jou diere veilig is.

**Bly in die swart:** Tydens brandbestryding moet jy altyd in die swart bly om veilig te wees.

**As jy vasgekeer is:** Gebruik jou kommunikasiestelsel om mense te laat weet wat gebeur, en meld jou ligging. As dit moontlik is, gebruik 'n lig om mense te help om jou te kry.

**Gebruik 'n N95-masker** om deeltjies te verwyder uit die lug wat jy inasem.

**Bly gehidreer:** Drink baie water of isotoniese koeldrank om gehidreer te bly en jou liggaam te help om die hitte die hoof te bied.

## Wees veilig DAARNA

**Ruim op:** Blus alle gloeiende kole langs die brandlyn deur al langs die brandlyn te stap om te verseker dat die brand nie weer opvlam nie. Skop alle dieremis terug tot in die swart gebied.

Oppas vir warm as, verkoolde bome, smeulende puin en gloeiende kole. Daar kan hittekolle in die grond wees wat jou kan brand of nog 'n brand kan laat ontstaan.

**Dokumenteer skade aan eiendom met foto's.** Maak 'n inventaris en skakel jou versekeringsmaatskappy vir bystand.

**Beplan vir die toekoms:** Oorweeg stappe om toekomstige veldbrande te voorkom, soos om 'n veilige strook rondom strukture te maak, dooie plantegroei te verwyder en brandbestande boumateriaal te gebruik.

Onthou, dit kan lank neem om van 'n veldbrand te herstel – wees dus geduldig en doen dinge een stap op 'n slag.

